MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

==========

THURSDAY, 16 MAY 2013

1. The House met at 14:15.

2. The Speaker took the Chair and read the prayer.

3. [14:17] The Chief Whip moved: That in terms of Rule 24 the following Members be appointed to act as temporary Chairpersons:

   Geyer, H P
   Marais, A J D
   Hartnick, J L
   Magwaza, N P
   Witbooi, J

   Agreed to.

4. [14:18] Questions.

5. [15:06] Statements by Members.

6. [15:30] Mr H P Geyer moved without notice: That the House acknowledges the mothers of our country and pays tribute to them as we did on Mother's Day last Sunday, on 12 May.

   Let us not forget that mothers plant the seeds of love, which bloom forever!

   Agreed to.

7. Mr E J von Brandis moved without notice: That the House congratulates –

   (1) Wesgro on winning a gold medal for its display stand, made of recycled material, at the recent Tourism Indaba in Durban; and

   (2) Ms Nisreen Bulbulia on being the Western Cape finalist in the Emerging Tourism Entrepreneur of the Year Awards (ETEYA).

   Agreed to.

8. Ms A Rossouw moved without notice: That the House recognises "Fair Trade Tourism", a tourism organisation that advocates responsible tourism, who, with the cooperation of South African hotels, will sign a code of conduct with a view to helping to protect children against sex tourism.

   Agreed to.

9. Ms J Witbooi moved without notice: That the House extends its condolences to the family and friends of 20-year old Annamarie Beukes of Swellendam, who was raped and subsequently died in hospital as a result of complications relating to pneumonia.

   Agreed to.

10. Mr M G E Wiley moved without notice: That the House –

    (1) congratulates two Cape Town surfers, Tanika Hoffman and Michael February, who were both members of Team South Africa that won the most prestigious team title in world surfing in Panama recently;

    (2) notes with pride that Team South Africa was placed first at the Reef ISA (International Surfing Association) World Surfing Games and that it is the first time in 50 years that a South African blue ribbon team has won a championship outside the country;

    (3) also congratulates Shaun Joubert from Mossel Bay, the captain of Team South Africa, on his excellent victory at the same event in this Central American country where he clinched the ISA Men's World Champion title; and

    (4) notes that these victories make it possible for the South African team to compete in China later in 2013.

    Agreed to.

11. Mr E J von Brandis moved without notice: That the House –

    (1) conveys its sympathy to the family and friends of the cyclist, Dr Koos Roux, who was killed in a hit-and-run accident on Sunday morning, 12 May 2013, across the road from the Soneike Shopping Centre on the Bottelary Road near Kuilsrivier; and

    (2) notes that Dr Roux has been a curator at the Compton Herbarium of Kirstenbosch since 2003.

    Agreed to.

12. Mr M Skwatsha moved without notice: That the House notes that the national Minister of Public Enterprises, Mr Malusi Gigaba, is handing over an IT laboratory of 50 computers to Lwazi Primary School in Gugulethu today, on 16 May 2013.

    Agreed to.

13. Ms C F Beerwinkel moved without notice: That the House notes that by the end of its current term the national Government, led by the African National Congress, would have spent R1 trillion on infrastructure, that more than 200 000 new jobs have been created in our economy in the past 12 months, and that the latest *Foreign Direct Investment Intelligence* report has placed South Africa second in the Middle East and Africa region for foreign direct investment destinations.

    Agreed to.

14. Ms J L Hartnick moved without notice: That the House conveys its shock and sympathy to the family and school friends of the 10-year-old Esther Nsenga-Banza, who was hit by a taxi in front of the Ysterplaat Primary School in Koeberg Road on Friday, 10 May 2013, and subsequently died from her injuries in the Red Cross Children's Hospital.

Agreed to.

15. Ms C Labuschagne moved without notice: That the House congratulates Marlon Parker, a social entrepreneur and an Information Technology lecturer at the Cape Peninsula University of Technology (CPUT), and the founder of RLabs, on his inclusion in the City Press Newspapers *100 World Class South Africans* awards.

Agreed to.

16. Ms D Gopie moved without notice: That the House commends the national Minister of Police, Mr Nathi Mthethwa, for speaking to Western Cape youth about the dangers of drug abuse at the opening of Lamberts Bay Police Station on Friday, 10 May 2013.

Agreed to.

17. Ms L Brown moved without notice: That the House notes the 45th anniversary of the passing of the leader of the African National Congress in the Cape, Rivonia trialist, academic and founder of the historic Congress of the People, Professor Z K Matthews.

Agreed to.

18. Ms C Labuschagne moved without notice: That the House conveys it condolences to the family, friends and school of Eurico Martin, a 17-year-old pupil at the Spes Bona High School in Athlone, who died in the Groote Schuur Hospital after he had been shot.

Agreed to.

19. [15:50] The House discussed the following subject in the name of Ms C Labuschagne:

The results of the independent testing of learners in Grades 3, 6 and 9 and of the impact of that on the aims of education in the Western Cape.

Debate concluded.

20. [16:50] FIRST ORDER

Consideration of Report of the Standing Committee on Agriculture and Environmental Planning on the *Upgrading and Redevelopment of Founders Garden*, dated 14 May 2013 (See Announcements, Tablings and Committee Reports, p 58).

Debate concluded.

Report adopted (ANC dissenting).

21. [17:13] SECOND ORDER

Consideration of Report of the Standing Committee on Agriculture and Environmental Planning on the *National Environmental Management Laws First Amendment Bill* [B 13D – 2012] (NCOP), dated 14 May 2013 (See Announcements, Tablings and Committee Reports, p 58) (Ratification of final mandate).

There was no debate.

The mandate conferring authority on the Western Cape Provincial Parliament's delegation in the NCOP to support the Bill was ratified.

22. The House adjourned at 17:15.

R G HINDLEY
Secretary to Provincial Parliament

NOTULE VAN VERRIGTINGE

VAN DIE

PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

==========

DONDERDAG, 16 MEI 2013

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.

2. Die Speaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.

3. [14:17] Die Hoofsweep stel voor: Dat ingevolge Reël 24, die volgende lede as tydelike Voorsitters aangestel word:

   Geyer, H P
   Marais, A J D
   Hartnick, J L
   Magwaza, N P
   Witbooi, J

   Goedgekeur.

4. [14:18] Vrae.

5. [15:06] Verklarings deur Lede.

6. [15:30] Mnr H P Geyer stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis erkenning gee aan die moeders van ons land en hulde aan hulle bring, net soos ons verlede Sondag op Moedersdag, op 12 Mei, gedoen het.

   Laat ons nooit vergeet nie dat dit moeders is wat die saadjies van liefde plant, saadjies wat vir altyd bloei!

   Goedgekeur.

7. Mnr E J von Brandis stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy gelukwensinge oordra aan –

   (1) Wesgro met die wen van ’n goue medalje vir sy vertoonstalletjie, wat gemaak is van materiaal wat herwin is, by die Toerisme-indaba wat onlangs in Durban gehou is; en

   (2) me Nisreen Bulbulia aangesien sy ’n Wes-Kaapse finalis is in die toekennings vir die Opkomende Toerisme-entrepreneur van die Jaar (ETEYA).

   Goedgekeur.

8. Me A Rossouw stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis erkenning gee aan “Fair Trade Tourism”, ’n toerismeorganisasie wat verantwoordelike toerisme voorstaan, wat in samewerking met Suid-Afrikaanse hotelle ’n gedragskode gaan onderteken om te help om kinders teen seks-toerisme te beskerm.

   Goedgekeur.

9. Me J Witbooi stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy medelye betuig met die gesin, familie en vriende van die 20-jarige Annamarie Beukes van Swellendam, wat verkrag en later in die hospitaal oorlede is as gevolg van komplikasies wat met longontsteking verband hou.

   Goedgekeur

10. Mnr M G E Wiley stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis –

    (1) sy gelukwensinge oordra aan twee branderplankryers van Kaapstad, Tanika Hoffman en Michael February, wat albei lede was van Span Suid-Afrika wat onlangs die belangrikste en mees gesogte spantitel in wêreldbranderry gewen het in Panama;

    (2) met trots daarvan kennis neem dat Span Suid-Afrika eerste geplaas is by die Reef ISA (Internasionale Branderryvereniging) Wêreld Branderry-spele en dat dit die eerste keer in 50 jaar is dat ’n Suid-Afrikaans bloulintspan ’n kampioenskap buite die land gewen het;

    (3) ook vir Shaun Joubert van Mosselbaai, die kaptein van Span Suid-Afrika, gelukwens met sy skitterende oorwinning by dieselfde byeenkoms in dié Sentraal-Amerikaanse land toe hy in die mansafdeling die titel ISA se Wêreldkampioen verower het; en

    (4) daarop let dat dié oorwinnings dit vir die Suid-Afrikaanse span moontlik maak om later in 2013 in China deel te neem.

    Goedgekeur.

11. Mnr E J von Brandis stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis –

    (1) sy medelye betuig met die gesin, familie en vriende van die fietsryer, dr Koos Roux, wat op Sondagoggend, 12 Mei 2013, oorkant die Soneike-winkelsentrum op die Bottelarypad naby Kuilsrivier in ’n tref-en trap-ongeluk gesterf het; en

    (2) daarop let dat dr Roux sedert 2003 ’n kurator van Kirstenbosch se Compton-herbarium was.

    Goedgekeur.

12. Mnr M Skwatsha stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis daarop let dat die nasionale Minister van Openbare Ondernemings, mnr Malusi Gigaba, vandag, op 16 Mei 2013, ’n IT-laboratorium van 50 rekenaars gaan oorhandig aan die Lwazi Primêre Skool in Gugulethu.

    Goedgekeur.

13. Me C F Beerwinkel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die feit dat die nasionale Regering, onder leiding van die African National Congress, aan die einde van sy huidige termyn reeds sowat R1 triljoen sal bestee het aan infrastruktuur, dat meer as 200 000 nuwe werksgeleenthede die afgelope 12 maande in

ons ekonomie geskep is, en dat die jongste verslag van *Foreign Direct Investment Intelligence* vir Suid-Afrika, wat regstreekse beleggingsbestemmings betref, in die tweede plek geplaas het in die streek: Midde-Ooste en Afrika.

Goedgekeur.

14. Me J L Hartnick stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy skok en medelye betuig met die gesin en skoolmaats van die 10-jarige Esther Nsenga-Banza, wat op Vrydag, 10 Mei 2013, voor die Laerskool Ysterplaat in Koebergweg deur ’n taxi getref is en later in die Rooikruis Kinderhospitaal aan haar beserings beswyk het.

Goedgekeur.

15. Me C Labuschagne stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy gelukwensinge oordra aan Marlon Parker, ’n maatskaplike entrepreneur, ’n lektor wat Inligtingstegnologie doseer aan die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie (CPUT), en die stigter van RLabs, met sy insluiting in *100 Suid-Afrikaners van Wêreldklas*, die toekennings van City Press Newspapers.

Goedgekeur.

16. Me D Gopie stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die nasionale Minister van Polisie, mnr Nathi Mthethwa, loof omdat hy by die opening van die polisiekantoor op Lambertsbaai op Vrydag, 10 Mei 2013, met die jeug van die Wes-Kaap gepraat het oor die gevare van dwelmmisbruik.

Goedgekeur.

17. Me L Brown stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die 45ste herdenking van die oorlye van die leier van die African National Congress in die Kaap, Rivonia-aangeklaagde, akademikus en stigter van die geskiedkundige Congress of the People, professor Z K Matthews.

Goedgekeur.

18. Me C Labuschagne stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy medelye oordra aan die familie, vriende en skool van Eurico Martin, ’n 17-jarige leerling aan die Spes Bona Hoërskool in Athlone, wat in Groote Schuur-hospitaal gesterf het nadat hy geskiet is.

Goedgekeur.

19. [15:50] Die Huis bespreek die volgende onderwerp in die naam van me C Labuschagne:

Die uitslae van die onafhanklike toetsing van leerders in Graad 3, 6 en 9 en van die uitwerking daarvan op onderwysdoelstellings in die Wes-Kaap.

Debat afgesluit.

20. [17:02] EERSTE ORDER

Oorweging van Verslag van die Staande Komitee oor Landbou en Omgewingsbeplanning oor die *Upgrading and Redevelopment of Founders Garden*, gedateer 14 Mei 2013 (Sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, bl 58) (Ratifikasie van finale mandaat).

Debat afgesluit.

Verslag aangeneem (met teenstem van ANC).

21. [17:13] TWEEDE ORDER

Oorweging van Verslag van die Staande Komitee oor Landbou en Omgewingsbeplanning oor die *National Environmental Management Laws First Amendment Bill* [W 13B – 2012] (NRVP), gedateer 26 April 2013 (Sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, bl 54) (Ratifikasie van finale mandaat).

Daar was geen debat nie.

Die mandaat wat die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se afvaardiging na die NRVP magtig om die Wetsontwerp te steun, is bekragtig.

22. Die Huis verdaag om 17:15.

R G HINDLEY
Sekretaris van die Provinsiale Parlement